# 2. SAALOPENING: Die Eienaar se Gids

## **Inleiding**:

Vir Christene is die Bybel BAIE belangrik, want dit help ons om te weet WIE God is, en hoe Hy wil hê dat ons moet leef. Ons gaan vanoggend bietjie kyk hoe dit werk en wat dit beteken.

## Praktiese Demonstrasie 1:

Koop twee van dieselfde goedkoop, klein LEGO stelletjies by ‘n Chinese winkel. Haal die een stelletjie se instruksies uit, en hou die ander stelletjie s’n in. Vra twee (of vier) kinders om die stelletjies te kom bou. Kyk wie s’n bou die vinnigste en maklikste, en vra na die tyd hulle kommentaar oor hoe dit vir hulle was.

## Storie: Die Eienaar se Gids

Daar was eendag ‘n man met die naam Kobus. Op ‘n dag het Kobus baie opgewonde opgestaan. Dit was die dag wat sy splinternuwe kar afgelewer sou word. Hy het nog nooit ‘n kar gehad nie, maar hy het sommer geweet om ‘n kar te hê sal hom help op baie maniere.

Hoe dink julle sou om ‘n kar te hê vir Kobus help?

Kobus het baie hard gewerk en vir lank geld gespaar net sodat hy ‘n nuwe kar kon koop. Toe uiteindelik is die oomblik hier. Die man wat die motor aan Kobus verkoop het, het voor sy huis gestop met die blink nuwe kar.

“Wil jy hê ek moet jou wys hoe die kar werk?” het die verkoopsman gevra.

“Ag nee wat, ek is seker ek sal weet hoe.” het Kobus geantwoord.
Die verkoopsman sê toe “Ok, maar as jy hulp nodig het, daar is ‘n spesiale boek oor karre onder die sitplek wat jou sal help.”

Die verkoopsman is daar weg en Kobus het opgewonde na die deur van die motor gehardloop om dit oop te maak, maar dit wou nie. Dit was vir hom snaaks, want by die winkel het die deur sonder probleme oopgegaan. Kobus het al om die kar geloop en deur die vensters gekyk en gedink dat die sitplekke darem sag lyk om op te sit.

Net toe kom sy vriend Johan daar aan.“Dis ‘n mooi kar Kobus. Maar hoekom loop jy al om dit in plaas van om in te klim?” het Johan gevra. Kobus antwoord toe dat hy die kar nou net gekry het, maar dat daar fout is met die deure.

Johan het gelag en gevra: “Fout met die deure? Het jy al probeer om dit oop te sluit.”

Kobus het skaam met een van die sleutels probeer om die deur oop te sluit, maar maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, die deur wou glad nie oop nie.
Johan sê toe: "Jy gaan daardie sleutel breek. Dis in elk geval die kattebak se sleutel. Probeer 'n ander een."

Uiteindelik het Kobus die deur oopgesluit gekry en toe sit hy agter die stuurwiel. "Kom ons luister bietjie radio." Het Johan gesê.

Na baie gesukkel, het Kobus die radio aangekry, maar hy het nie van die liedjie gehou wat speel nie. Hy het probeer om van stasie te verander, maar kon nie. "Kobus, jy moet hierdie knoppie druk." het Johan gesê.

"Kobus, het jy nie die boek gelees wat jou wys hoe als in die kar werk nie?" het Johan gevra.
"Ek het nog nie tyd gehad nie. Kom ons ry nou eers bietjie met my nuwe kar." sê Kobus.
"Nou goed, maar ek hoop jy weet wat jy doen." sê Johan.

Net toe het Kobus weggetrek, maar agteruit. Hoe meer hy knoppies druk en die stuurwiel draai, hoe meer het die kar net aangehou agteruit ry in 'n boom vas!

"Hoekom het jy nie gestop nie?" skree Johan

"Ek het nie geweet hoe nie!" huil Kobus.

## **<u>Toepassing</u>:**

Hierdie twee demonstrasies het vir ons gewys dat dit baie makliker is om te weet hoe om die LEGO stelletjies te bou, as ons instruksies het. En dis presies dieselfde met ons lewens as Christene. As ons gereeld ons Bybels lees, en ons moet belangrike besluite neem, is dit vir ons makliker, want die Bybel, God se Woord gee vir ons instruksies, riglyne wat om te doen.

Ps 119:105 verduidelik dit so mooi, U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad. Wanneer dit donker en moeilik raak, dan is die Bybel vir my soos 'n lig wat vir my die pad in die donker wys.

## SLUIT AF MET GEBED